# NG NYLSTROOM-OOS

Uit God se liefde dien ons...

9 Feb '25

# Eredienste

YouTube
ngnylstroomoos

09:00 Erediens
Prediker: Ds Danie Ueckermann
Verwelkoming: OGG Hennie Pretorius
Ontvang nuwe intrekkers: Wilma du Plessis
Blomme: Gerda van Biljon

# Dagboek

10: 09:00 Bybelstudie
: 17:30 Finansiële & Bate komitee (FBK)
11: 17:00 Getuienis bed
: 17:30 OGG leiers
12: 12:00 Hulpverlening bed
: 17:30 Erediens bed
13: 10:00 Aksie Snr's Bestuur
: 14:30 Gasvryheidsbed (GVB)

**NAGMAAL 23 FEB**

# Gebedslys

Langdurige siekte:
Celia Jordaan; Dirkje Combrink; Sorina du Toit; Pieter van Eeden; Mike van Biljon

Siektes/operasies/sterftes:

- Hanlie Fischer gaan vir 'n skoueroperasie 10/02


NG Nylstroom-Oos
www.ngnylstroomoos.com
Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Ueckermann 082 579 6649
Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944
admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za
Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT

# Gebedsriglyne

2 - 16 Feb

A.FOKUS OP GOD

*"Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak"* – 2 Kor 10:5(b)

·Word stil en bring enige gedagtes wat jou fokus wegvat van God se teenwoordigheid na Hom toe en laat dit by Hom.

·Lees dan Rom 12: 1-8 en luister wat die Here vir ons wil sê in elke vers.

-Wat is dit wat werklik vir God belangrik is?

-Wat is Sy wil vir mý?

-Wat is Sy plan vir ons (elke lidmaat) as 'n gemeente?

·Gesels met Hom oor wat jy hoor.

B.VERANDER MY HERE

·Gebruik ook Rom 12: 1-8 om te bid vir jouself en om jouself opnuut toe te wy aan die Here.

·Sing/bid Liedboek 308

*"Neem my lewe, laat dit Heer, U gewy wees, meer en meer."*

*C. GOD SE KONINKRYK*

***"Uit God se Liefde Dien Ons…"***

·Gebruik steeds Rom 12: 1-8 om te bid vir die geestelike groei in ons gemeente en vir al die bedieninge in die gemeente

-Dat elke lidmaat sal verstaan dat God aan **elkeen** van ons 'n gawe gegee het sódat ons dit kan gebruik om diensbaar te wees (1 Kor 12:7 en Ef 4:12)

-Dat ons sal verstaan dat **elke** gelowige (óók die kinders) deel vorm van die liggaam van Christus en dat elke lid/deel van die liggaam nodig is om die liggaam as 'n geheel op te bou en om effektief Jesus se hande en voete en mond (Sy liggaam) te wees in hierdie wêreld.

·Bid spesifiek vir al die bedieningsbyeenkomste wat oor die volgende twee weke plaasvind in die gemeente (soos op die kalender aangedui)

-Dat lidmate vrymoedigheid sal hê om in te skakel by bedieninge waar God hulle wil gebruik.

-Dat die betrokkenes (veral die leiers) opreg sal soek na God se wil en Sy plan vir elke bediening

-Vir afhanklikheid van die leiding van die Heilige Gees en 'n sensitiwiteit vir Sy stem.

D. BEROEPING EN NUWE LERAAR

·Bid dat ons as gemeente (en veral ook die beroepingskomitee) nie op menslike insigte sal staatmaak nie, maar volkome op die Here sal vertrou om die regte persoon te roep en te stuur (Spr 3:5).

***"Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens sien die uiterlike maar die Here kyk na die innerlike."*** - 1 Sam 16:7

·Lees in 1 Sam 16: 1-13 hoe die Here vir Samuel gelei het om die nuwe koning (leier) vir Sy volk (Sy gemeente) te kies.

E. AFSLUITING

·Sing/bid Liedboek 469: 1 en 2 as 'n belydenis van ons totale onafhanklikheid en vertroue in die kennis en alwysheid van God.

*"O, diepte van die rykdom van wat U ken en weet!"*

-Lees Rom 11: 33-36










Kaartjies by Kokanje sal te koop wees vanaf 10:30 - 12:00 by die toonbank in die voorportaal, Dinsdag, Woensdag en Donderdag. Kontant en kaartbetalings kan geneem word.

Ds Ewald by NG Springbokvlakte eredienste
Feb: 9 & 23

# Verjaarsdae

9 - 15 Feb

09: Brendon Branford, Miko Keulder, Janele v Wyk;
10: Hein de Wet, Frik Nagel;
11: Moné du Plessis, Frans Roos;
12: Gerrit Bakker, Reenen Diedericks, Willem Fourie, Nella Ras, Ariesa Vosloo;
13: Amoré Badenhorst, Susan Bruwer, Jolandi du Plessis, Isabella van Niekerk;
14: Stiaan Opperman, Lee Richter,Cheline van Jaarsveld;
15: Tyron Mans, Deirdré Meijer, Beyerien Nel.

**75 & ouer:**

09: Gert Kruger, Bertus vd Merwe;
10: Marthiena Vosloo;
12: Martie Groenewald;
13: Hannes Bezuidenhout, Cornie Vermeulen.

# Nuwe Lidmate

*Baie welkom!*

# Ander

## Gemeente WhatsApp Kanaal

Skandeer hierdie QR kode om die kanaal te volg.

## Gemeente kommunikasie

Laai asseblief die Winkerk toep af, registreer en kry die afkondigings, enige veranderinge aan die gemeente se kalender, jou inligting en meer.

SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.
Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.